# *Kyk Na Sy Ster*

Laat ons net ’n oomblik bly staan vir gebed. Sal ons ons hoofde buig.

2 Almagtige God, Wat weer ons Here uit die dood gebring het, Hom opgewek het op die derde dag volgens die Skrifte, en Hom aan U regterhand laat sit het in die Heerlikheid, daar is Hy vanaand, om voorspraak te maak volgens ons belydenis, die groot Heilige Gees terug te stuur om die werk voort te sit wat Hy begin het, dat dit altyd bekend mag wees, dat hierdie Heilige Gees wat die werk van die Here Jesus voortsit, ’n teken moet wees dat Hy eendag sal terugkeer.

3 En nou, Vader, ons lewe om hierdie eindtyd te sien, wanneer ons die naderkoms van die Here sien, die tekens is vertoon, elke uur laat ons dink dat dit die genade van God is dat Hy nie alreeds gekom het nie. Miskien, Here, is dit vir ons moeiliker om te preek, meer te bid, en probeer om daardie laaste siel in die Koninkryk in te kry voor daardie finale, middernagslag op die tydshorlosie wanneer dit nie meer sal slaan nie. Wanneer dit daardie tyd slaan, sal dit oorgaan in ’n eindelose Ewigheid. Here, mag ons nou aan hierdie dinge dink soos die diens voortgaan. Want ons vra dit, in Jesus’ Naam, Wie die belofte gegee het. Amen.

4 Julle mag maar sit. Ek begin net ’n klein bietjie moeg voel, ek haat dit net soort van om dit te erken, maar dis—dis waarheid. En het baie dienste, en môre het ek drie dienste, een by die Armeense mense onder in Downey, my onderwerp is: *Wat Hoor Jy?*, aan julle Armeniërs wat môre daar gaan wees. Môremiddag by die tempel hier, is my onderwerp hierdie: *Wees Seker Van God*.

5 En na daardie diens môre, gaan ons die gebedskaartjies uitgee vir ’n gewone gebedsry môre-aand, en die kêrels sal die kaartjies uitdeel net na die diens môremiddag, want hulle hou, op Sondagaand, ’n konsert hier by die tempel, daarom sou dit moeilik wees om dan die gebedskaartjies uit te gee. So, almal wat graag ’n kaartjie wil hê om môre-aand in die gebedsry geroep te word, kom julle na môremiddag se diens toe, sodat julle die kaartjie kan kry.

6 En dan, dink ek is Maandag ’n af-aand, en dan die hele volgende week, as die Here wil, wil ek Dinsdagaand begin preek oor ’n reeks onderwerpe uit Génesis, oor geloof. En ons sou baie graag wil hê julle moet kom luister, want ek verwag dat die Here groot dinge gaan doen.

7 Dan, as dit die wil van God is, ek het dit nou vir sewe jaar nie gedoen nie, maar as dit die wil van God is, wil ek volgende Sondagmiddag, my lewensverhaal hier by die tempel vertel. Ek het dit nie nou vertel of dit benader nie, dit ontstel my

so. Vir sewe jaar, dink ek, vandat ek my lewensverhaal vertel het. As die Here wil, ek sterk genoeg voel daarvoor, volgende Sondagmiddag, dis nou Sondag oor 'n week.

8 Ons het 'n wonderlike tyd gehad onder by Clifton's vanmôre in die ontbyt, die Christen Sakemanne se ontbyt. Toe ek gesit, en eet het, het daar 'n—'n vroutjie na my toe gekom, ek's seker ek kan nie hierdie naam net reg sê nie, dis 'n Armeense naam, Sheviskin, dink ek, so-iets, en sy het na my toe gekom, en 'n paar aande gelede, het hulle 'n—'n oproep gehad van Switserland na waar haar suster ernstig siek gelê het met suikersiekte en longontsteking, wat net dood beteken het binne 'n paar uur.

9 En hierdie vrou se man is 'n baie goeie vriend van my, en sy familie. En hulle was baie goed vir my toe ons in Switserland was 'n tyd gelede; en toe het hulle my hier in Amerika besoek.

10 Ek het, egter, nie die woord gekry wat hulle vir my gestuur het nie, want niemand pla my vir 'n geruime tyd voor ek na die diens toe kom nie. Maar terwyl die diens aan die gang was, het die Heilige Gees my na haar toe gedraai in die gehoor, en vir haar gesê dat sy vir haar geliefde bid, en om nie te vrees nie, want hulle sou reg wees. En vanmôre, vroeg, is die telefoon verbind oor die oseaan, oor die Atlantiese Kabel na hierdie land, om vir haar te sê dat die vrou absoluut, volkome gesond en normaal is. Die seëninge van die Heilige Gees!

11 Kan julle nie sien God is, beslaan alle ruimte, en vul alle tyd, en gaan in die Ewigheid in nie? Ek het Hom dit soveel keer sien doen vir mense oor die see. Hoedat God daardie dinge so wonderlik doen!

12 So vandag, was dit 'n groot dag vir my. En nou, ek waardeer die sustertjie wat daardie lied gesing het net 'n paar oomblikke gelede, *Kyk Na Sy Ster*, want ek het gedink vanaand, nogal 'n kort aand, sou ek daaroor praat: *Kyk Na Sy Ster*.

13 En ek wil Daarna verwys as hierdie selfde Lig, of ster is 'n lig, wat ons hier sien verskyn, wat hulle die foto's Daarvan het, ensovoorts, want Dit is dieselfde Een, dieselfde Vuurkolom wat die kinders van Israel gelei het, dieselfde Engel van die verbond. En ons vertrou dat Hy weer in ons midde sal kom vanaand, en ons sal lei na die Christus.

14 En nou vir 'n teks wil ek hê julle moet blaai na Matthéüs se Evangelie, die 2de hoofstuk.

15 En nou, ons weet nie wat Hy sal doen nie. Dit was nou drie aande, wat ons nie enige gebedskaartjies uitgegee het nie. En die Heilige Gees het oor die dienste gegaan, die mense geroep, en hulle vertel net soos Hy het toe Hy hier op aarde was in die vorm van die Here Jesus, wat 'n belofte vervul wat Hy gemaak het om die laaste teken te wees voor Sy verskyning, en die einde van die Heidense bedeling, onthou dit, dis die laaste teken.

16 Volgende week sal ons diep daarin probeer ingaan, waar julle kan sien dat al die dinge reg tot by hierdie uur gelei het. En die Kerk is nou in 'n toestand dat Dit hierdie dinge moet ontvang.

17 Nou wil ek lees. Julle het, miskien, na die Skrifte geblaai.

> *Nou toe Jesus te Betlehem in Judéa gebore is, in die dae van koning Herodus, het daar wyse manne uit die ooste in Jerusalem aangekom,*
>
> *En gesê, Waar is die Koning van die Jode, wat gebore is? want ons het sy ster in die ooste gesien en gekom om hulde te bewys.*

18 Dit moes omtrent donker gewees het, hulle het pas die bopunt van die heuwel bereik, en soos hulle om die hoek gekom het, het hulle voor Betlehem gestaan, wat die berg wes van die stad lê, en hy het gestop en sy sweet van sy voorkop afgevee, soos hy die haltertou van die donkietjie vasgehou het, en hy het afgekyk in die klein stadjie in. En die ligte het gebrand, want daar was baie mense wat in en uit beweeg het. Julle sien, daar was 'n—'n bevel wat uitgegaan het dat almal moes terugkom na hulle geboorteplek toe om belas te word.

19 En enige hartelose, wrede man wat 'n vrou in haar toestand sou verplig om haar huis te moet verlaat om op daardie lang reis op die rug van 'n donkietjie te laat gaan! Maar lank voor die tyd ooit begin het, was dit alles beplan in die wysheid van God. God het altyd alles net op die minuut. "En alles werk ten goede mee vir hulle wat Hom liefhet." En ons sou so daaraan dink.

20 En wanneer ons dink aan net die tyd wat daardie brutale, moorddadige koning regeer het, en op die tyd wat die belastings vir Josef en Maria moes opdwing na Betlehem, en soos Josef afgekyk het in die vallei, was hy sonder twyfel redelik mismoedig toe hy gedink het aan sy vrou in haar toestand, en van elke motelletjie wat vol was, daar was geen plek nie, en die mense het teen die mure geslaap. Dit moes hom moedeloos gemaak het, soos hy gedink het aan daardie hartelose koning wat sy pragtige, ou vroutjie sou forseer het om na haar geboorteplek toe te kom. Miskien het hy nie geweet dat dit alles in God se groot siklus beweeg het nie.

21 Maar toe hy omgedraai het om haar van die donkie af te tel, en 'n geskikte, rotsie gevind het, soos hulle bo-oor die heuwel gegaan het sodat sy kon afkyk na haar geboorteplek, en saggies saam met haar geloop en haar neergesit het op 'n—'n mooi plek sodat sy 'n bietjie kon rus, het hy haar mooi gesig opgelet dat dit skynbaar skyn met 'n—'n glans wat dit nog nooit tevore so geskyn het nie. En miskien het hy iets soos hierdie gesê: "O, my skat, ek het altyd geweet dat jy 'n baie besondere mooi vrou was, maar ek het jou nog nooit so mooi gesien as wat jy nou is nie."

22 Ek wonder hoe die Kerk behoort te lyk, hoe mooi Dit behoort te wees by die Koms van die Here. Haar klere behoort gewas te

wees in die Bloed van die Lam, en al die Goddelike ordes van God perfek in orde geplaas Daarin, geen wrywing nie, net in afwagting vir daardie oomblik; God sal Dit so hê.

23 En ons sien hom soos hy haar mooi gesig opgelet het, en hy het gesê: "Maria, jou gesig skyn net." Maar dit lyk asof sy hom nie te veel opgelet het nie, haar pragtige oë het in die lug opgekyk. En hy het haar blik gevolg, en hy het opgelet wat hang oor die stadjie, een van die mooiste Sterre wat hy nog ooit in sy hele lewe gesien het. En hy het miskien iets soos hierdie gesê: "Daardie Ster, ek het Dit nie opgelet tot net nou nie, dis waar daardie weerkaatsing vandaan kom, op jou mooi gesig."

24 O, as God vanaand net Sy genade kon weerkaats op die Kerk en Sy skoonheid! En Hy wil dit doen wanneer die Kerk Homself sal gereedmaak vir die gebeurtenis.

25 En sy het iets soos hierdie gesê, miskien: "Josef, net sodra die son begin ondergaan het, toe ons nog aan die onderkant van die berg was, het ek daardie Ster opgelet. En dit lyk vir my dat Dit my gevolg het al die pad teen die berg op, ek kon net nie my oë Daarvan afhou nie."

26 En soos hy haar aan die hand gevang het, en soos hulle twee, die jong paartjie wat daar gestaan het, net 'n paar uur voor die geboorte van die grootste Een wat ooit op die aarde gewandel het, haar hande vasgehou, hulle het na die ooste gekyk na daardie groot Ster wat oor Betlehem gehang het.

27 Kom ons reis ooswaarts vir 'n rukkie, ver in die verre ooste in, oor die valleie, oor die berge, na die verre ooste, daar was 'n paar Magiërs wat bekend was in die dae van Daniël as die Mede en Perse. Hulle aanbid een ware God, hulle het op Hom gewag met 'n heilige vuur. En hulle sou opgaan na die top van die berg, en hulle het al die hemelliggame bestudeer, want hulle het in Job geleer, en, van die beweging van die sterre, en die name van die sterre, en hulle het gekyk vir daardie een ware God om hulle 'n teken te gee deur die sterre.

28 En hulle het daardie sterre bestudeer net soos ons die Bybel bestudeer. Dit was oorgelewerde boekrolle van antieke vaders af soos hulle daardie hemelliggame bestudeer het. En hulle het geweet waar elkeen was, en as een die geringste bietjie uit sy plek beweeg het, het hulle dit geweet.

29 Aand na aand, het hulle hulle seremonies gehou. En nou, hulle het geglo dat daar een ware God was. Ons ken hulle vandag, meestal as Mohammedane. Dan soos hulle gesit en kyk het, sou hulle 'n vuur bou en kyk, God aanbid deur heilige liedere te sing, en die vuur dopgehou, en—en hulle sou Skrifte bespreek, ensovoorts. En dan sou hulle opklim in hierdie groot toring, soos 'n sterrewag, en hulle sou die liggame van die hemele heelnag lank dophou. En hulle het geglo dat hulle beweging verskillende tekens beteken het vir hulle van die God van die vuur.

30 En een aand terwyl hulle gesit het, miskien die opkoms van koninkryke, en die val van ryke bespreek het, en die dinge wat op die aarde plaasgevind het, antieke geskiedenisse, ensovoorts, moes dit omtrent die tyd gewees het wat hulle die Boekrol van Daniël opgetel en in Daniël gelees het, want hy moes met hulle gepraat het, Daniël 2 het gesê dat hy hulle hoof was, en so, moes hulle met hom gepraat het, en hulle het ’n Boekrol opgetel waar Daniël geprofeteer het dat daar ’n tyd sou kom wanneer daar ’n Rots uit die berg gekap sou word sonder hande, en dit die koninkryke van die wêreld sou vernietig, hulle moes dit gelees het. En toe het hulle ’n paar van die Hebreeuse Boekrolle gehad van destyds in Númeri, waar daardie Bileam gesê het daar sou ’n Ster van Jakob opkom.

31 En dit moes die tyd gewees het dat hulle aan hierdie dinge gedink en dit bespreek het, dat die Vreemdeling in die hemele verskyn het. Julle weet wat dit sou beteken het vir daardie mense, hoedat as ’n vreemde Ster, hulle wat elkeen ken, en hulle, en hulle trajekte vernoem het, en meteens, hier’s Een wat helderder is as hulle almal? Want ons weet Hy is die Blink en Môrester, die Lelie van die Dale, die Roos van Saron, die Skoonste van tienduisend vir ons siel. Hierdie nuwe Besoeker in die hemele moes hulle ontstel het.

32 Iemand mag dink dat daardie Magiërs nie bevoorregte mense sou gewees het om Dit te sien nie, maar as julle sal lees in die Boek van Handelinge, het Petrus gesê dat hy gesien het dat God geen aannemer van die persoon was nie, en dat Hy sou—Hy hulle sou besoek, of, hulle sou aanvaar, diegene van enige volk ontvang wat Hom gevrees het en geregtigheid gedoen het. God is geen aannemer van die persoon nie. En dan . . .

(Kyk iemand wat die broer wil hê.)

33 Dan moes iemand daardie hemelse Besoeker gesien en gesê het: “Wonder wat dit beteken.”

34 Hulle kon nie verstaan hoekom hierdie Magiërs . . . Mense verstaan vandag nie. Het julle geweet daardie Magiërs het daardie Ster gesien, en Dit het oor die sterrewagte gegaan, en ons het nie enige geskiedenis van enigiemand anders wat Dit ooit gesien het nie? Hoekom? Omdat hulle nie Daarna gesoek het nie. Ek glo hulle het die Ster gesien. Die Bybel het gesê hulle het Dit gesien.

35 Dis waarom mense vandag nie die dinge sien wat hulle moet sien nie, die verborgenhede van God wat ontvou word, want hulle soek nie daarna nie. God openbaar net Homself aan diegene wat Hom sal toelaat, en Hom verwag.

36 O, het julle opgelet in die laaste twee of drie aande van diens, dat die Heilige Gees ons elke aand by daardie plek gebring het? Die afwagting, iemand wat gelei word, en verwag dat iets gaan gebeur. Die ding daarvan is, ons verwag nie genoeg nie. As die

mense hier vanaand wat siek en beproef is, kom met verwagtinge om gesond huis toe te gaan, sal julle gesond huis toe gaan. As julle hier vanaand nog nooit die doop van die Heilige Gees ontvang het nie . . . O, dit mag geheimsinnig wees vir jou, maar solank God se Woord dit leer, is dit genoeg, God het so gesê, en dit handel dit af.

37 En vir myself, verwag ek dat iets sal gebeur. Daar staan geskrywe: "Wanneer die mense oor wie My Naam uitgeroep is, hulleself sal vergader en bid, dan sal Ek uit die Hemel hoor." En ek het vandag gebid, en ek weet dat ander gebid het, en ek verwag iets gaan gebeur. Daar mag dinge gebeur wat reg bo-oor die kop van mense sal gaan, baie wat nie verordineer is tot die Lewe nie, sal dit nooit kan sien nie.

38 Toe Jesus gekom het, was daar tiene van duisende, ja, miljoene wat gesoek het na Hom om te kom, en Hy het Homself net aan 'n handjievol geopenbaar. Sien, dis hulle wat na iets soek, hulle wat 'n—'n polsslag in hulle hart het, wat klop, wag, verlang na iets om te gebeur. Dis hulle wat glo dit sal gebeur, en wag vir die gebeurtenis, dis vir wie Jesus sal kom, vir hulle wat Sy verskyning liefhet. As jy enigiemand liefhet, en jy verwag dat hulle sal verskyn, maak jy elke voorbereiding daarvoor.

39 Dis hoe die Kerk vanaand behoort te wees, elke voorbereiding te maak vir die koms van die Here, elke padwyser dop te hou. En wanneer jy God iets sien doen, juig, want dit wys op Sy Koms. En ons is onder by die, omtrent die laaste teken nou, Hy kan voor die oggend verskyn.

40 Hoe daardie Magiërs, toe hierdie Ster verskyn het, het hulle die Boekrolle begin ondersoek, en hulle het gevind dat dit 'n profesie was wat vervul is. O, hulle moes 'n baie groot vreugde onder hulle gehad het toe hulle gesien het dat God gespreek het dat daardie Ster sou verskyn, en daar was Dit.

41 Ek wonder of daardie Magiërs, wat ons probeer sê sterrekundige, ensovoorts, wonder of ons hulle kon veroordeel deur net—net na een klein stel Boekrolletjies te kyk, wanneer ons die Bybel gehad het, en leraars, en God wat Sy tekens en wonders voor ons plaas, en ons wegloop daarvan. Wel, dit behoort 'n herlewing te laat begin wat die onsuiwerheid van Los Angeles sal uitbrand! Dis genoeg om dit te doen, die tekens wat Hy gesê het hier sou wees. O, hoe ek daarvan hou om die Skrif te sien ontvou, net soos die horlosie teen die muur die tyd omtik.

42 En toe hulle dit opgelet het, en miskien, het een van hulle gesê: "Kyk, ek wonder of dit nie ooreenstem met daardie Boekrol wat Daniël ons gegee het, wat die Boek van Numeri genoem word nie, toe die profeet Bileam gesê het dat daar 'n Ster sou opkom uit Jakob. Ek wonder of Dit die Ster is."

43 'n Ander een het gesê: "Ons het nog nooit so-iets gesien nie." En hulle moes toe 'n regte jubelfees gehad het. Hulle het die vuur

verlaat en opgegaan in die toring om daardie pragtige, hemelse Gawe te sien beweeg in die lug.

44 Julle sê: "'n Gawe?"

45 Ja, dit was 'n Gawe aan hulle om hulle te lei na die Verlosser. Hulle het hulle Gawe geglo wat na hulle toe gestuur is, maar God het die Heilige Gees in hierdie laaste dae gestuur, die Gawe van God om ons na Jesus toe te lei, en steeds glo ons Dit nie; ek praat van die wêreld.

46 En julle buite in radioland vanaand, ek wil hê julle moet daaraan dink. Hoe kan jy by die huis bly wanneer daar 'n herlewing in die stad is waar die Here God Homself manifesteer? 'n Regte, honger hart wil na aan God kom, en hulle sal gaan na elke beweging wat hulle ken wat van God af kom, hulle sal soek en soek, en honger en dors, hulle verlang om God te sien. Kom, neem die Bybel, en soos die Magiërs het, en lees Dit, en kyk of die Skrifte ooreenstem met wat gedoen word, dan as Dit doen, het jy 'n reg om te juig met baie groot vreugde.

47 En soos hulle opgegaan het aand na aand, hierdie nuwe Besoeker dopgehou het, hulle het nog nooit enigiets soos Dit gesien nie, hulle weet die Skrifte het gesê Dit sou daar wees, maar hulle het nog nooit in hulle hele lewe so 'n Gawe in die hemele gesien as wat hierdie Een was nie, hulle het Dit bestudeer uit elke hoek, en die enigste ding wat hulle kon sê was: "Die Skrif verklaar dit."

48 So, een aand, sou ons sê, terwyl een gesit en kyk het, bestudeer het, het Dit begin beweeg, en Dit het weswaarts begin gaan. En miskien terwyl een gerus het, het hy opgestaan, en gesê: "Broers, ek het pas 'n droom gehad van daardie Ster, en dit is 'n teken dat die Koning, God gebore is. En Hy's die Koning van die Jode, en Hy's die Koning van die Hemel, Hy's die Koning van alle mense, en ons moet Hom gaan aanbid."

49 Ek sou my voorstel met so 'n bevestiging soos daardie, het hulle die rykste goed gekry wat hulle bymekaar kon maak. Iemand moet gaan en hierdie geskenke neem, miskien het hulle die lot gewerp, en dit het op drie van hulle geval. En hulle het hulle kamele gelaai met goud, mirre, wierook, en hulle het gewag tot die Ster weer uitgekom het in die nag, en hulle het opgelet Dit het uit Sy plek beweeg, en het weswaarts gelei, hulle het op hulle kamele geklim, en bo-oor die berge.

50 Julle weet, partymaal is die pad wat Hy lei nogal rof. Dit maak geen verskil in watter rigting Hy lei nie, net solank ons daar kom, dis die hoofsaak. Soos die digter dit uitgedruk het:

> Party deur die waters, party deur die vloed,
> Party deur diep beproewing, maar almal deur
> die Bloed.

51 God lei Sy kinders. En op die kamele, het hulle die rowwe en steil berge geklim, onder deur die valleie. Dis hoe ons gaan, partymaal in die vallei, en partymaal op die berg, maar bly net volg, ons sal arriveer as ons net sal aanhou om die leiding van God se Gees te volg.

52 En soos hulle oor die berge gegaan het, toe moes hulle onder na die suide toe gekom het, en toe hulle die Tigrisrivier oorgesteek het by die drif, uitgegaan het in die vlaktes, en die Ster het hulle nooit gefaal nie. Dis die pragtige deel van 'n gawe van God, dit kan nie faal nie, want dis God.

53 En hulle het Dit dopgehou, aand na aand het Dit hulle gelei, week na week, maand na maand soos hulle deur die valleie, en vlaktes, ensovoorts, gegaan het, het Dit, uiteindelik, reguit na Jerusalem toe gelei. En die vreemde ding was, toe Dit gekom het by Jerusalem, die hoofstad van die Joodse godsdiens, die—die setel van Joodse godsdiens, waar al die groot aartsvaders, en die—en die groot profete van ouds die Evangelie gepreek en hierdie dinge voorspel het, het die Ster reguit na daardie plek toe gelei, maar toe hulle daar gekom het, het die Ster uitgedoof. Hoekom? Jerusalem het nie Daarna gesoek nie.

54 Dis wat die probleem vandag is wanneer ons by hierdie sosiale evangelie leringe kom van sovoorts, waarom kan hulle nie in die bonatuurlike tekens glo nie? Hulle soek nie daarna nie. Die Lig het uitgedoof, en hulle aanbid God net deur geloofsbelydenisse, maar "God is 'n Gees," het Jesus gesê: "en hulle wat Hom aanbid, moet Hom aanbid in Gees en in Waarheid," nie geloofsbelydenisse nie, nie deur te stry oor denominasies nie, maar in Gees van liefde en in waarheid. Wat is waarheid? Jesus het gesê: "Ek is die Waarheid."

55 Toe, toe Dit by Jerusalem gekom en vervaag het . . . Het julle opgelet, 'n gawe sal nie bly, of homself helder maak, of homself bekend maak waar dit nie welkom is nie? Dit sal vervaag, weggaan. En dan sou mense sê: "Wel, Dit behoort na *So-en-so* toe te kom, want dis die belangrikste, dis die grootste." Dit het glad nie enigiets daarmee te doen nie.

56 En dan, het die Magiërs miskien gedink: "As dit die middelpunt van die Joodse godsdiens is," die hoofkerk was daar, die liggaam van die hoofgelowiges was daar, soos hulle gedink het hulle was, die hoëpriester, en al die groot manne wat die Boekrolle gehad het, en hulle groot skole was daar: "sekerlik, is dit waar die Koning was."

57 En soos die Ster hulle verlaat het, het hulle die aandag van die stad getrek soos hulle op-en-af in die strate gegaan en geskree het: "Waar is Hy die Koning van die Jode, wat gebore is?"

58 Kan julle julle dit voorstel? Op deur elke breë straat, af deur die klein systraatjies, moes hulle hulle opgelet het, hulle was ryk manne. Miskien sou ek hulle vandag noem, Christen Sakemanne.

59 En hulle het op hierdie kamele gery, versier met mooi versierings, hulle het geweet daar was iets aan die mans, maar die ding wat hulle ontstel het, was dit, die vraag wat hulle gevra het: “Waar is Hy die Koning van die Jode, wat gebore is? Want ons het Sy Ster in die Ooste gesien, en ons het gekom om Hom te aanbid.”

60 Dis die honger hart van menige miljoenêr vanaand, wat daardie ware Heilige Gees wil vind wat geval het op die Pinksterdag en die regte Gawe van God: “Ons het dit in die Bybel gelees waar Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid: Waar is Dit? Ons het gelees dat Hy ’n groot Geneser is: Waar is Dit? Ons het gelees dat ‘Die Heilige Gees vir julle is en vir julle kinders, en vir hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep.’ Waar is Dit in ons kerke? Waar is daardie krag wat die Kerk aan die brand steek, wat hulle die televisie laat afskakel op Woensdagaand om kerk toe te gaan? Waar is daardie krag wat ons dames laat aantrek soos vroue? Waar is daardie krag wat ’n siel so aan die brand steek, dat hy buite op die veld is en heeltyd getuig tot die eer van God?”

61 Vandag, selfs in Pinkstersfere, word hulle skaam vir die getuienis. “Ek skaam my nie vir die Evangelie van Jesus Christus nie,” het Paulus gesê: “want dit is die krag van God tot redding.” Dis nie net ’n verklaring van geloofsbelydenisse nie, dis die krag van God tot redding vir elkeen wat glo.

62 Hoekom? Die Skrifte het gesê: “In die laaste dae, sou hulle roekeloos, verwaand wees, liefhebbers van genot,” wil vermaak word: “meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God, wat ’n gedaante van godsaligheid het, maar die Krag daarvan verloën.”

63 “Die dae van wonderwerke is verby,” sê hulle. “Daar is glad nie so-iets soos die doop van die Heilige Gees vandag soos hulle dit gehad het op die Pinksterdag nie.”

64 Dis net omdat hulle te laat gekom het om my daarvan te vertel, ek het dit alreeds, en ek weet dis die waarheid. Ek weet dat daardie selfde Jesus wat God uit die dood opgewek het, my Verlosser is, en Hy lewe in my hart, en elke ’n hart van enige gelowige wat Hom sal aanvaar. Hy sal jou lewe verander, en jou ’n weet-so verlossing gee, en ’n getuienis van Sy opstanding.

65 Maar Jerusalem het nie die antwoord gehad nie. Die Skrif sê dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Die kerk het nie die antwoord daarvoor nie, hulle sê: “Hy’s gedeeltelik wat Hy was, Hy wil nog steeds hê ons moet die Evangelie preek, maar tekens en wonders verskyn nog nie.”

66 Jesus het gesê: “Gaan in die hele wêreld in.” Hoe ver? “Die hele wêreld.” En twee derdes van die aarde het nog nooit die Evangelie gehoor nie. Hoe lank moet dit aanhou? “Die hele wêreld.” Na wie? “Elke skepsel. Verkondig die Evangelie.”

67 Wat is die Evangelie? Paulus het gesê: “Die Evangelie het nie net deur die Woord gekom nie, maar deur krag en demonstrasies van die Heilige Gees.”

68 “En vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens vergesel.” O, dis wat ons vandag nodig het! Broer, hier vanaand, as jou kerk nie daarin glo nie, kry jy dit in jou hart vanaand, neem dit reguit terug na die kerk toe.

69 Die wêreld vra vandag: “Waar is daardie God? Waar is daardie Een wat altyd was? Waar is daardie God van die geskiedenis?”

As die God van die geskiedenis nie dieselfde God is vandag nie, wat help ’n God van die geskiedenis jou as Hy nie vandag dieselfde is nie?

70 “Wat het gebeur met die groot Jehova, die almagtige Een, die El Shaddai, die EK IS? Nie die ‘EK was’ nie, die ‘EK IS. Wat het gebeur met Hom?”

Daar het niks met Hom gebeur nie, dit het met die mense gebeur.

71 Hulle het nie die antwoord gehad nie, Jerusalem het nie, maar hulle kon nie hierdie kêrels stop nie, hulle wou Hom vind. Broer, as God ooit iets in jou hart geanker het, ’n dors om Hom te vind, is daar niks wat jou gaan keer om Hom te vind nie.

72 Op-en-af in die strate, ryk manne wat getuig soos holy-rollers: “Waar is Hy? Sê my waar Hy is, die Koning van die Jode, wat gebore is, want ons het alreeds Sy teken gesien, en ons het gekom om Hom te aanbid. Ons het Sy Ster in die Ooste gesien en gekom om Hom te aanbid.” Hulle het nie die antwoord gehad nie; hulle het dit ook nie vandag nie, dieselfde.

73 Nou let op, wanneer God ’n teken in die kerk instuur, sien die kerk dit nie, net soos hulle toe nie het nie. So, maar hulle het soveel daaroor baklei, totdat hulle die Sanhédrinhof moes byeenroep om uit te vind waaroor dit alles gaan. En toe hulle die hof byeengeroep het, en die Skrifte oopgemaak het wat hulle miskien nie gelees het nie, net hulle eie geloofsbelydenisse vir jare, maar soos hulle die Skrifte lees, het hulle Miga se profesie gevind wat gesê het: “In Betlehem van Judéa . . . ”

74 Luister, broer, as die kerk nie die antwoord op hierdie tekens en wonders het nie, die Woord van God het die antwoord. As jou pastoor nie die antwoord het nie, God se Woord het die antwoord. As jy honger Daarna, sal God dit vir jou wys in die Woord. God hou Sy Woord.

75 En sodra hulle die plek uitgevind het waar dit moes plaasvind, het hulle die stad verlaat. En die raad wat gesit het, gedink het wat hulle sou doen, hulle sou moes ontslae raak hiervan, hierdie kon nie onder die mense versprei word nie, hulle

sou dit moes stop, want dit sou hulle tradisie verbreek, hulle sou moes ophou daarmee.

76 En soos die wyse manne uit die stadspoorte uitgegaan het, sodra hulle uit daardie somber plek uitgekom het, het die Ster weer verskyn. Wanneer jy uit die wêreld en sy tradisies uitkom, sal die heerlikheid van God aan jou verskyn en sal jou lei. Wanneer jy uit jouself uitkom, en uit jou sondes, uit jou ongeloof, dit alles agterlaat, en jou hart opsteek na God, sal God aan jou verskyn.

77 En toe hulle daardie Ster weer gesien het, het die Bybel gesê, het hulle gejuig met baie groot vreugde; hulle moes 'n bietjie geskree het. "Baie groot vreugde," want hulle het geweet hulle het die teken gevolg wat hulle na die Verlosser sou lei, en dit het net so gemaak.

78 Mag ek vanaand sê, dat God 'n teken het vandag, dis die teken van Sy Gees, dat waar Jesus is, is daar Lewe, want Hy is Lewe; waar Jesus is, is daar Evangelielig, want Hy is Lig; waar Jesus is, is daar Vuur, want Hy is 'n verterende Vuur wat al jou ongeloof en jou onsuiwerheid uitbrand.

79 Aand na aand, sien ons Hom op die toneel kom, red, eers, die verlore siele, wat vir diegene wat Daarna soek, die Heilige Gees gee, die afvalliges terugroep; dis die teken om volg. En dan sien ons Hom ook die siekes en beproefdes oprig, hulle gesond maak; Hy het dit nou al vir 'n geruime tyd gedoen.

80 Dan aan die eindtyd, het Hy belowe, sou daar Lig wees, daar sou die volheid van die krag wees wat sou kom. Die profeet het gesê: "Daar sal 'n dag wees wat nie nag of dag sal wees nie, maar teen die aandtyd sal dit Lig wees."

81 Die son kom op in die ooste en sak in die weste, geografies, en die Evangelie het eers na die Oosterlinge toe gekom. Ons het 'n dag gehad van nie donker of Lig nie, was 'n somber dag, ons het genoeg van God geweet om Sy Seun as ons Verlosser te aanvaar, maar al die groot tekens en wonders wat op die Oosterse mense geval het, het nie geval op die Westerse mense tot die laaste paar jaar nie.

82 Nou skyn die Aandligte, die krag van die herrese Christus wat Sy seëninge uitstort, die mense vul met die Gees, tekens en wonders wat verskyn, die tekens van Markus 16 wat die gelowige volg. Julle sien, dis aandtyd. En dieselfde Lig wat opgekom het in die ooste, sak in die weste, Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en sal tot in ewigheid wees.

83 En die Messiaanse teken het verskyn dat Hy met ons is, in ons, en ons sal vertroos, en ons sal help, en ons sal seën, en ons sal lei na daardie Een Wat gemerk was in die hande, deurboor in die sy. Ek glo hierdie selfde Heilige Gees wat nou hier is, sal ons eendag opneem na die regterhand van God toe, waar ons Hom sal sien sit. Daar sal ons vir ewig saam met Hom lewe, Sy kinders

wees, Hy sal ons God wees; dis my hartsbegeerte, is om by Hom te wees.

84 "Ons het Sy teken in die ooste gesien, en ons het gekom om Hom te aanbid," het die Magiërs gesê.

85 Die Skrif belowe, Jesus Self het, het gesê dat "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen." Hierdie dinge moes verskyn in die Heidense Kerk, een woord Daarteen moes nooit vergewe word nie, maar dit sou die teken wees wat dit destyds daar was, dieselfde Seun, dieselfde Lig; en ek glo dat Hy nou hier is.

86 As hierdie gehoor wat nou hier sit wat ly . . . Iets sê vir my om te stop, ek weet nie hoekom nie. Ek weet niks meer as net om die leiding van die Gees te volg nie. Ek het nog drie of vier dinge in my gedagte gehad, opmerkings wat ek sou maak, maar Iets het gesê: "Stop nou."

87 Daar moet iemand in hierdie gehoor bid, daar moet iemand ernstig in die moeilikheid wees; wat ek nie ken nie. Maar as jy glo dat die Here Jesus, Wat gestaan het en vir die Apostel Petrus kon sê wie hy was, en wat sy vader se naam was, en al die tekens wat Hy gedoen het soos daardie . . . Wat, hulle Hom gekruisig het vir daardie tekens, en Hom doodgemaak het, 'n heks, Hom 'n Beëlsebub, 'n duiwel, gemaak.

88 Daardie selfde Gees wat op Jesus Christus was, is binne-in Sy Kerk, ons sal onsself nou oorgee aan Sy Gees, God sal dieselfde ding doen. Glo julle dit?

Kom ons buig ons hoofde.

89 Almagtige God, op een of ander manier, een of ander wyse, ek verstaan dit nie, maar U weet wel, Here, daar moet 'n verskriklike klomp lyding wees, of iemand miskien net 'n paar uur van die dood af, wat ek nie weet nie, maar op een of ander manier wat . . . Ek wil volg soos daardie Magiërs, elke beweging dophou, want eendag verwag ek van hierdie Heilige Gees om my in U Teenwoordigheid in te neem om vir ewig saam met U te lewe. Mag ek eerbiedig wees en Dit respekteer, en Dit dophou, en Dit gehoorsaam solank as wat ek lewe.

90 Mag hierdie gehoor vanaand, Here, hulle oë van begrip oop hê, mag hulle die Gees van God op hulle hê, want ons het Sy Ster in die ooste gesien, Sy teken. Hulle het nie die antwoord gehad vir bonatuurlike, Hemelse gawes en tekens in Jerusalem nie, en Here God, skaam om dit vanaand te sê, maar die kerke het nie vandag die antwoord nie, baie van hulle, te veel van hulle het nie die antwoord vir bonatuurlike tekens nie. Hulle wil dit telepatie noem, of een of ander bose gees, sonder om te weet dat hulle hulle Ewige bestemming verseël deur dit te doen. Laat dit vanaand bekend wees, Here, dat U God is. Dieselfde Jesus wat uit die graf gekom het in 'n liggaamlike vorm, is vanaand hier in die vorm van die Heilige Gees.

91 En mag ons so in staat wees om ons harte te verneder en onsself te onderwerp, ons geeste aan U, dat U uit hierdie gehoor sal trek diegene wat U roep vanaand, en alle lof sal aan U behoort, Here. En ons sal vanaand hier uitgaan en voel dat dieselfde Môrester, 'n Hemelse Gawe ons lei, dieper dieptes en hoër hoogtes na Jesus Christus. Want ons vra dit, in Sy Naam, en tot Sy eer. Amen.

92 "As julle kan glo!"

['n Suster praat in tale, 'n ander suster gee uitleg—Red.] Amen.

93 Radiogehoor, en aan hierdie sigbare gehoor, as ek reg geleer is in die Woord van God, ek glo dat daar gawes in die Kerk is om in tale te praat en uit te lê. Daar's geen Bybelstudent wat dit kan veroordeel wanneer dit ordelik gedoen word nie; nadat die Boodskap verby was, is dit ordelik. Julle het gesien wat Dit gesê het: "Die Here in die midde," ensovoorts. Nou, hoe waar is dit! Mag die Here Sy seëninge byvoeg.

94 Hierdie dinge, eenkeer toe ek nog 'n jong Baptiste prediker was, het ek dit nie verstaan nie, maar nadat ek die Skrifte gelees het, sien ek dat dit die waarheid is. Prys die Here.

95 Kyk hiernatoe. Raak die kleed van die Hoëpriester nou aan met julle geloof. As ek 'n dienskneg van Christus is, laat Christus spreek.

96 Nou is die tyd van die uur van besluit, nou is die tyd waar iets reg of verkeerd moet wees. Wat sal dit my help om vir julle 'n historiese God te verkondig wat op die oewers van Galiléa gestaan het en daardie dinge gedoen het as Hy nie dieselfde God vandag is nie? Ek het aanspraak gemaak dat Hy is.

97 Ek kan nie mense genees nie, almal weet dit, maar watter Gees was Dit nou die aand hier gewees, wat 'n persoon wat ly, al die pad oor die seë kon sien, en hiernatoe kon kom, en spreek en daardie vrou perfek vertel wat met haar geliefdes sou gebeur? En, onmiddellik, hier kom die boodskap terug oor die seë: God het dit gedoen. Kan julle nie wakker word, vriende, vir 'n feit dat dit 'n lewende God is wat in ons midde is nie?

98 Ek's bevrees, soos ek nou die aand gesê het, soveel gawes is voor die Kerk gebring, totdat hulle sit en staar, verlam. O, dit behoort die hart van mense te skud totdat hulle sou juig en so bly sou wees.

99 Hier, kyk hiernatoe net 'n oomblik, reg oorkant in hierdie rigting hier, sien ek 'n vroutjie, ek ken haar nie, maar sy bid. Sy dra 'n klein, plat hoedjie, en sy ly, en bo haar staan daardie Lig. Sy ly aan haar, iets verkeerd met haar oë en haar ore. Ek is bevrees die vrou snap nie van wie ek praat nie.

Here God, sê iets of doen iets wat sy dit nie sal mis nie.

Haar naam is Mev. Allen. Goed, glo jy dat jy genees sal word? Staan dan op en word gesond gemaak, in die Naam van die Here Jesus.

100 Nou wees dankbaar. [Leë kol op band—Red.] Dis hoe om dit te doen.

101 Net agter oorkant in hierdie ander gedeelte hier, 'n vroutjie wat met haar hand op sit, en bid. En sy ly aan 'n, daar's iets verkeerd met haar kop, en sy het asma in haar keel, en 'n harttoestand. Sit net hier, kyk reguit na my. Haar naam is Mev. Henry, sy kom van San Diego af. Die Here het jou geseën. Gaan huis toe en word gesond, jou geloof het jou gesond gemaak.

102 "As julle kan glo!" Ek ken nie hierdie mense nie, ek het hulle nog nooit in my lewe gesien nie. Wat is Dit, vriende? Nou, moenie iets geheimsinnig gaan dink nie, dis die belofte van God, Jesus Christus.

103 Soos ek na daardie muur toe gaan, my skaduwee, van 'n lig, skaduwee word meer positief en positief, totdat dit in volmaakte my vervaag; en soos die koms van die Here na die aarde toe kom, kom Sy Teenwoordigheid nader en nader, totdat ons uiteindelik sal saamsmelt met Hom, hierdie Gees ons saam met Hom sal neem.

104 "Daardie dag sal julle weet dat Ek in julle is, en julle in My, en Ek in die Vader, en Vader . . ." sovoorts. Hê julle net geloof en glo.

105 Hier, 'n dametjie wat daar sit en haar kop knik, net hier na my kyk, omtrent tweede ry daar, jy ly aan 'n sinusprobleem. Dit is reg. Natuurlik het jy nie 'n gebedskaartjie nie, het jy? Daar is geen gebedskaartjie nie. En jy sit net daar, en bid. En ek sien jou met hoofpyne en jou kop vryf soos *hierdie*. En jy het gebid: "Here Jesus, ek glo dit." As dit reg is, steek jou hand op. Hoe sou ek weet waarvoor sy gebid het? Jy sal dit nie meer hê nie, Jesus Christus maak jou gesond. Jy het die Hoëpriester aangeraak.

106 Wat net hier voor my sit, 'n paar rye agtertoe, 'n klein, maer vroutjie wat haar hand teen haar keel hou, Ek's 'n vreemdeling vir haar, maar sy's geskadu tot die dood, sy het kanker. Daar is op haar geopereer, en haar keel is toegemaak, sy kan nie eet of drink nie, dis SO SPREEK DIE HERE. Ek ken jou nie, maar jy het gebid. God het jou genees, my suster, aanvaar jy jou genesing. Jy het die kleed van die Hoëpriester aangeraak.

107 Reg aan die agterkant, die agterkant van hierdie plek hier, omtrent in die middel van hierdie paadjie, is daar 'n klein . . . is daar 'n vrou, en sy ly aan 'n hoë bloeddruk. Sy—sy's nie van hier nie, sy's 'n Fin, sy's van Finland. As jy glo, suster, ontvang jy jou genesing. Jumalan rauhaa. Staan op jou voete en aanvaar jou genesing en word gesond gemaak. God seën jou. Kiitos, Jesus.

108 Halleluja! Wat het ek gesê? "As julle kan glo!"

109 Sê vir daardie dametjie wat daar lê met artritis: Hê geloof in God, staan op van daardie bed af en gaan huis toe.

110 Ver bo in die balkon daar, is daar 'n dame wat bid. Daar's iets verkeerd met haar—haar oor, dis agter haar oor, 'n mastoïde probleem. Sy's gereed vir 'n operasie. Dat jy mag weet wie dit is: Jou naam is Mev. Delaney. Staan op jou voete, Mev. Delaney, en aanvaar jou genesing, in die Naam van Jesus Christus.

111 Wat het sy aangeraak? God se groot Heilige Gees, die Hoëpriester van ons belydenis. Glo julle dat Hy hier is? Staan dan op julle voete en ontvang Hom, elkeen van julle, in die Naam van Jesus Christus. Staan op en glo Hom met julle hele hart. Steek nou julle hande op, terwyl ons bid.

112 O Here God, Wat die Môrester gestuur het, Wat ons Jesus Christus in die opstanding gegee het, Sy krag hier saam met ons nou, ek veroordeel ongeloof, en breek die krag van die duiwel deur gebed, bely dat 'n Engel van God veertien jaar gelede na my toe gekom en hierdie manifestasie bevestig het. En ons staan in die Naam van Jesus Christus.

113 Satan, jy is verslaan, Jesus Christus het jou verslaan met Sy plaasvervangende lyding en dood op Gólgota. Kom uit hierdie plek uit en weg van hierdie mense af, dat hulle gesond gemaak kan word, deur Jesus Christus' Naam!

114 Staan op, prys Hom, steek julle hande op na Hom. Dis verby, Jesus het gesterf, Jesus het opgestaan. Jesus is hier, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Ek gee julle oor aan Jesus Christus en die Gees is hier, daar is geen rede vir julle om langer siek te wees, of meer te sondig nie. God seën julle.

59-0411E Kyk Na Sy Ster
Angelus Tempel
Los Angeles, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org